17. Oorlogswoorde: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, ens. ens.)

gaskud = van klere ens. browe.

kordaait = kruit wat in lemetford patrone was en wat gebruik geword het om vuur te maak en pyp op te steek.

houtverlof gevat = wanneer 'n burger verlof geneem het sonder toestemming van 'n offisier.

gebrande mielie- kafferkoring en gras-koffie. Koffiemeul ry op 'n loodperd.

18. Algemeen: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

Ek was by toe die eerste skote aan[illegible] Mafeking op die engelse geskiet is; het die hele oorlog deur geveg. Toe dit vrede geword het moes ek 'n rapport na Potchefstroom neem, net voor ons wapen afgelê het; daar het 'n engelse meisie my toe met potlood geskilder in my oorlogsdrag. Later het A.G. Verwalt (skrywer van Doreland[illegible]) 'n portret daarvan geneem. Die dame het nog gesê: Hulle het dan gesê die Boere is sonder klere in die veld, en kyk hoe goed is die man geklee (sy kon net engels praat).

HANDTEKENING.

[Sien bygaande portret].

My vrou en 3 kinders het ek by Howick (Natal) gaan haal. Op Potchefstroom stasie is ons afgelaai, moes toe 20 myl uit na die plaas maar kon nêrens 'n ryding kry nie. Terwyl my vrou en kinders in 'n tent gebly in Potch. is ek te voet 30 myl uit die dorp om 'n wa en 6 osse te gaan haal om my gesin uit te neem na die plaas. Met drie kindertjies wat ek vir 9s in die kafferlokasie in Potch. gekoop het en 'n stoel wat ek opgelet het (en vandag nog het) het ons op die plaas aangekom. Daar moes ons stukke sinkplate teen die murasies van die afgebrande huis sit om onder te slaap en te woon.

As ons nog leef, sal my vrou en ek volgende jaar, 30 Aug. 60 jaar getroud wees.

Ons was 9 broers wat aan die oorlog deelgeneem het, 3 is gedurende die oorlog dood, die een, Izak duPlessis is die eerste man wat in die oorlog geval het. Hy het by Mafeking gesneuwel. [Sien portret].

Smuts asb. portrette terug

A. G. du Plessis

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam PETRUS. JOHANNES DELPORT.

Huidige Posadres Plot 118 Pomona Landgoed. Oor Kempton Park.

Geboortedatum 1 Junie 1877 Ouderdom 10 Oktober 1949 72. jaar

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog? Rietfontein Dist: Potchefstroom

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het
Ek het die more kennis gekry en nog dieselfde vertrek.

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen? Potchefstroom

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen? Veldkor. Maartins Kommandant Schutte Gen. P. Cronjee.

5. Het uself offisiersrange beklee? Tydelik.
Indien wel, noem die range met die datum naastenby ——

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou).
Kraaipan, en al die gevegte wat by Mafeking gewees het. Moosfontein Donkerhoek Magaliesberg

7. Was u gewond gedurende die oorlog? Nee.
Hoeveel keer? —— Geen
Tydens watter gebeurtenis? Geen

2/.....8.

75

8. Was u ooit gevang? Nee

Waar? —

9. Het u ooit ontsnap? Nee

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping? Nee.

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? Ek het alles verloor wat ek gehad het. Behalwe my perd wat ek uit die oorlog weggekom het.

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog?

(a) gewond Geen (b) gedood Geen

(c) Na vrouekampe vervoer? 8. (d) Na krygsgevangenekampe gevoer 8

(e) Hoeveel is in die kampe dood 3.

12. Was u 'n krygsgevangene? Nee

Waar was u in daardie tyd? Op die slagveld.

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902? Nadat die vrede al 'n dag besluit is, het ek dit gehoor.

Waar was u op daardie tydstip? Losberg Dist. Potchefstroom.

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou:

15. Vertel een of meer grappie of grappige voorval Daar was baie grappe dat ons nie alles kan onthou nie. Maar wat ek kan onthou is, Ons was 'n patrollie en baie honger. Toe kry ons 'n bok ram wat die Engelse nie meer kan weg kry nie. Deurdat die ding baie braansiek was. Ons het die ram geslag en dit was baie lekker.

16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan Met Cronjie se oorgawe was my Vader en my twee broers gevang.
En die berig dat my Suster in die kamp dood is. Die grootste is dat ons ek my wapen moes vir die Engelse gee.

76

17. <u>Oorlogswoorde</u>: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, ens. ens.)

18. <u>Algemeen</u>: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

Ek sal baie kan meedeel as ons mondelings kan gesels.

P J Delport
HANDTEKENING.

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam Hendrik Christoph Keet

Huidige Posadres Lekkerlag Pos Middelrand Zeerust.

Geboortedatum 15 Junie 1868 Ouderdom 10 Oktober 1949 81 jaar 4 maande

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog? Potchefstroom

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het Was baie geskok en ontstel

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen? Bowyk Mooirivier

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen? Generaal P. Cronje

5. Het uself offisiersrange beklee? nee

Indien wel, noem die range met die datum naastenby —

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou). Mafeking, Modrivier

7. Was u gewond gedurende die oorlog? nee

Hoeveel keer? —

Tydens watter gebeurtenis? —

2/.....8.

7.8

8. Was u ooit gevang? Ja

Waar? Modrivier Perdeberg

9. Het u ooit ontsnap? Ja

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping? In die nag ontsnap maar in die oggend weer gevang

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? Huis en al my besittings

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog?

(a) gewond niemand (b) gedood niemand

(c) Na vrouekampe vervoer? egenote & Kind (d) Na krygsgevangenekampe gevoer myself

(e) Hoeveel is in die kampe dood niemand

12. Was u 'n krygsgevangene? Ja

Waar was u in daardie tyd? Simonstad en Groenpunt en St Helena

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902? Was swaar om te glo dat ons ons land verloor het.

Waar was u op daardie tydstip? St Helena

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou:

Ek het maar net my plig gedoen

15. Vertel een of meer grappie of grappige voorval In my opinie bytt die Engelse luis seerder as die boere luis

16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan. Dit het my seer gemaak om te sien hoe dat mense mekaar so kan doodmaak en uitroei

79

17. Oorlogswoorde: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, ens. ens.)

18. Algemeen: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

H. C. Kiel.
HANDTEKENING.

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam C. J. Harmse

Huidige Posadres 14de st no 6 HOK waterval weg Nelaands

Geboortedatum 16 Detsember 1885 Ouderdom 10 Oktober 1949 ______ jaar

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog? BR. Besandelar de strik Vryburg. Midelraam. HOK DRONAARD

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het Kanon. Gebulder Op Kraai Pan Van Kommedaant Talie De Beer en meer ander

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen? Talie de Beer Laater in daarnaa J. Van Zijl Eenne Kaal Een. velkorn Ein. Kopnamen

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen? Genl. Van Zijl Senaat Kommodant. C. Grunnewald. Senaator E. Kaufman

5. Het uself offisiersrange beklee? nee Rebel Burger

Indien wel, noem die range met die datum naastenby Sekkere Klein Rekorte, op Brakspruit. van Wyk J. de Lary. Genrl.

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou). Hardbeesfontein Rooiwaal Swadzennek Braakspruit. Voor slit in dienaag. Bafe Wet ni Dat tom menie Ande

7. Was u gewond gedurende die oorlog? nee net n Kaal Kaal

Hoeveel keer? Geen

Tydens watter gebeurtenis? en kert daat geschet Swaaizennek, Let dat geschiet Braakspruit

2/.....8.

81

8. Was u ooit gevang? Nee

Waar? —

9. Het u ooit ontsnap? —

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping? Amper ge fang
Haardloop Bomme mesem
Amstrung Kanon Katlage Dren hoog uit

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? Alles verloor
As Rebel

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog?

(a) gewond Gen (b) gedood Een

(c) Na vrouekampe vervoer? (d) Na krygsgevangenekampe gevoer

(e) Hoeveel is in die kampe dood 3 Broers VROU KAM meffeking

12. Was u 'n krygsgevangene? Nee

Waar was u in daardie tyd? Op Kemande Teeg
Toe ons met die Groot Burt Trug Kom van Tones NOR VREDE

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902?
Baje Ontevreden hyd by my self

Waar was u op daardie tydstip? Naar Kaap le Raand

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou:
60 15 Ront Amstrung Bomme
in een Erg Vark gad gegee om lieg te maa
kes ondsnaping: in een On verwagte TREK
Swaairinek le kop 2 uur die agen
Rapoort die Raaeus Kom met
Frijburg le laat. Kom let en

15. Vertel een of meer grappie of grappige voorval Schiet Door
naa ons die Slaag op Braak SPRUIT moes gewoone ga
is my Pert ook Doot geschet is my Kappetaal Bung
mr au Kakie Pert naa u iet. hy zeg aan mij Hy het
£ 900 pond Tes Buet nau Trug ik Kees een Eenigge maan
vaant ik zeg an Ham Gelt ghy zeg nee Hy wys aan Pep
ik wel hom sokied ik zeg Geet hy wys aan stuk

16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan
2 Saanna Kis mijnees Doot gechiet
in Malu Huis op die grens. Ostraalian Boomman
3 jong Plenkuppe Veermaak Raant en Rasa
ik was amp in die Slaag

Van No 15

Tammaijn Kouwe Tabak ik drijf
hom wen hij heel Kijff op diegen
Rond Goe a waij Schree hij
Hee hijl hij to Kraam al daar
Baje Burger am en Laag ik din
dat waar bij Vel Kornet
Eangnaa Kruppnamen senara
lestaan di Kornet to Bom dat
met die 15 panden op Ons Heeren
Schree hij en heel en Kaup op
die Grond Goe a uij Eeen Een
Twe Spat Ons u makaar
det waar op Braakp
onder Genne Raad V A Zijl
Kamm Dant C. H. Grunne
Vel Kornet E. Rauben
Koperaar. P. Kermalen

ik is Burger C J Haman
Rabelle

17. __Oorlogswoorde__: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, ens. ens.)

Meeste is my Ongaan

daar is Ent Soolaang is die Lappe in die Laagspoort daar zal ik mij hant nie kes Radi

18. __Algemeen__: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

Wapen af lang op Swaardse hinnike Ons Rebel Kommando was die Eenngst waat nog een Kanon Armstog 15 Pond Van Macon Slaagy Kaaiwaae Af gelee het en met Tuustemin an ons Artilerie een Kaar Schaaste las op die Kop van Swaatserinnek Klipvoete Van die Rasies Elken Schoot

HANDTEKENING.

Raak dit tummelin die Rooies Laag dit is goed Zoo Schoot die Boere Stelte Rebelle

C J Harmse

St 14 No 6 Hak

waterwaal loop

neelands

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam ABRAHAM HENDRIK STEPHANUS VOSLOO

Huidige Posadres DRAAISPRUIT
P.K. STELLA

Geboortedatum 17 – 10 – 1878 Ouderdom 10 Oktober 1949 70 jaar

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog?
ELLISDALE K.P.

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het
AS WAARAGTIGE AFRIKANER HET EK GEVOEL DAT MY PLIG MY ROEP

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen? GEN. KOOS DE LA REY

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen? VELDKORNET JAN THERON
KOMMANDANT VAN DER MERWE

5. Het uself offisiersrange beklee? KORPORAAL
Indien wel, noem die range met die datum naastenby TYDELIK IN DIE AFWESIGHEID VAN MY BROER

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou).
MODDERRIVIER, KIMBERLEY, HOOPSTAD, KLIPRIVIER; DONKERPOORT KLERKSDORP EN BAIE ANDER

7. Was u gewond gedurende die oorlog? JA
Hoeveel keer? DRIEKEER
Tydens watter gebeurtenis? DEUR DIE SKOUER BY SANDBULT, BY PRETORIA EN BY KLERKSDORP NABY TAAIBOSPAN

2/.....8.

84

8. Was u ooit gevang? 11de MEI 1902 NABY URYBURG

Waar? NABY URYBURG.

9. Het u ooit ontsnap? NEE

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping? GEEN ONTSNAPPING

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? ALLES VERLOOR

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog?

(a) gewond: MY BROER CORNELIS (b) gedood —

(c) Na vrouekampe vervoer? 8 (d) Na krygsgevangenekampe gevoer —

(e) Hoeveel is in die kampe dood —

12. Was u 'n krygsgevangene? ~~NEE~~ JA

Waar was u in daardie tyd? IN DIE TRONK IN URYBURG EN OP 24 MAART 1903 HET EK UIT TOKAI GEKOM

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902? DESTYDS WAS EK IN DIE TRONK MAAR DAT ONS VERLOOR HET WOU EK NIE GLO NIE

Waar was u op daardie tydstip? IN DIE URYBURG TRONK

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou: ONS VERKENNERS KAPTEIN JAN KIRSTEN WAS GEVANG DEUR DRIE ENGELSE MAAR HY HET HOM LOSGESLAAN OP SY PERD GESPRING EN WEGGEJAAG.

15. Vertel een of meer grappie of grappige voorval

MET KERSFEES 1901 WOU ONS URYBURG GAAN INNEEM. TOE ONS WEER GEWAAR IS ONS TUSSEN TWEE BLOKHUISE, MAAR HULLE SKIET NIE OP ONS NIE EN LAAT ONS VEILIG TERUGGAAN. HULLE SKIET NET OP ONS KOMMANDO WAT VER AGTER ONS EN ONS TWAALF KOM VEILIG UIT

16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan

DIE SWAARSTE VAN ALLES WAS TOE PIET CRONJE DIE MENSE OORGEGEE HET. DAAR HET ONS GEHUIL SOOS KINDERS OOR SO'N DAAD

17. Oorlogswoorde: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, e. s. ens.)

STORMJAERS (VETKOEK) KLINKERS, KAKIES TOMMIES

18. Algemeen: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

A.H.S. Vosloo

HANDTEKENING.

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam Willem Sternberg van den Berg

Huidige Posadres Machinestraat 22
Elsburg

Geboortedatum 19 Februarie 1880 Ouderdom 10 Oktober 1949 69 jaar

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog? Lady Grey

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het
Ons het toe bymekaar gekom op Molkop en die nag het ons ingesweer om getrou te wees en Generaal ~~Kom.~~ Olivier te gaan haal in die Vrystaat na die Kolonie toe

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen? Generaal Jan Olivier se Kommando asook Kom. Wessels, Bezuidenhout, die laaste Kom Fouché

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen? Kom. Stoffel Myburg, Kom. Fauché, Luit Joen van der Walt as spioen Kom. Schoeman

5. Het uself offisiersrange beklee? Nee
Indien wel, noem die range met die datum naastenby —

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou).
Stormberg Junction, Penhoek, Dordrecht, Labushagnes ... Vrystaat by Beeskraal asook verskillende in Vrystaat.

7. Was u gewond gedurende die oorlog? Nee
Hoeveel keer? —
Tydens watter gebeurtenis? —

86

Buhrmanstafelkop
Bus. 240. Ermelo
12-10-49

Mnr

S. P. Goosen,

Beste Mnr ik stuur
u'l n stuk van my Papiere die eerste
Blad dit het waarskynlik uitgeval
en ik het dit nie opgemerk ik is soo
jammer ver die fout hoop maar
u'l sal my nalatigheid verskoon
baie dankie

Edmund Pieterse

nogmals wel ons ook baie baie dankie
se ver alles wat u'l almal ver ons
as oud stryders ge doen het ons het dit
baie geniet en waardeer ons vaste
hoop is dat jong Suid afrieka die
tou wat ons moet los sal stewig
vas hou en soos n Rots sal vasstaan
nogmals baie dankie

E. P.

en die Klip gat die naam is eendlik Lievo gat
Pret Plesie wat gesei is Slim Pret;
Gert v Rensburg, Koetse, en ik my self
ons moes ou Komedant Migal. Prinslo en
Daan. Malang die adjidant. deer die Blok
lyn bring waar ven dag Kaallaagte Stasie is
na die Kryg Raad of die Plaas Blyds Kop
van willem Ewertson. daar was wylen
Generaal Dewet en Generaal Hertsog
dit was n Delange en twe Kaffers voor
die Kryg sraad ver oordeel ver die dood in
ene Koen en van daar is die President. Styn
Genraal. Dewet Generaal Hertsog Komedant
Prenslo na Heilbron weer ver Krygs Raad
en ons drie man moes die drie Rapportryers
namelik Frikkie van wyk. Manie Dewet en
Klyn Hyndenig d en die adjidant. Daan (Malang)
deur die blok lyn bring en was ons af
gesaal by Blou Kop. en Daan Malang was
na sy huis by Malans Pos en hy daag
nie weer op en hy laat ons toe weet dat
ons maar moet gaan hy Kom nie nou
nie en ons moet noort van Kaallaagte
deur die Blok lyn gaan Toe ons daar Kom
was dit soo neelig as en die huis en ons
Kom toe ander Kant by sandrevier of die

87

8. Was u ooit gevang? Nee

Waar? —

9. Het u ooit ontsnap? —

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping?

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? Ja; my skape beeste perde is geval deur die Engelse. Ek was nog maar 'n Jong boertjie. Ek het geen vergoeding daarvoor gekry nie

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog?

(a) gewond —  (b) gedood —

(c) Na vrouekampe vervoer? Nee  (d) Na krygsgevangenekampe gevoer —

(e) Hoeveel is in die kampe dood —

12. Was u 'n krygsgevangene? — Nee

Waar was u in daardie tyd? —

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902? Groot Kapok geval en toe is ons na Aliwal Noord om wapens neer te lê. Toe was ons 'n maand en vyftien dae in die kamp waar die Engelse luise na ons aangekom het dat die stoffies so trek.

Waar was u op daardie tydstip? Op Kommando in Aliwal se distrek

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou: By Labushagnesnek het ek moes terugja om van my maats Ben Albertse Nicolaas en Hans Albertse te gaan uithaal waar hulle vas gekeer was. Met die uitja word my perd geskiet en toe kom Christiaan Booysens my weer red. By Kraairevier is Kom. Myburg se perd geskiet toe die Engelse ons vasgekeer het en ek en Faan Barnard hom uitgehaal. Sewe van ons het daar uitgekom Hartingh en sy Vader en Nel en Jan Greyling

15. Vertel een of meer grappie of grappige voorval

Tydens ons laer in Jamestown gestaan het het Kom. Schoeman brandwagte uitgestuur om dan terug te ja met 'n vals alarm die nag om ons te toets of ons gou in posisie sal wees. Baie het in die waens vasgesit. Die volgende dag het daar baie broeke bevuil agtergebly. Baie burgers het gekniehalterde perde opgeklim. Dit was voor die eerste geveg op Stormberg Junction

16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan

Na die geveg op Stormberg Junction, die eerste geveg, het ons oor die slagveld gegaan en wat ons baie getref het was die gewonde Engelse. Baie het geroep om water party soos hulle moeders of broers. Dit was ons eerste nabyheid van soveel dooies.

17. Oorlogswoorde: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, ens. ens.)

Klinkers, "Peirdvleis" was Bullie Beef. Vetkoek was "Doodgooi" Kalslagter was die Tommygun. Die kanon se koëls wat so trek was die "vulletjie wat runnik" genoem. Ons eie mense wat oorgegee en weer teen ons geveg het het ons Hensoppers en Vlêrmuise genoem.

18. Algemeen: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

Kom Fouché was gekwes anderkant Barkeley wat die Bonthoekke genoem is en ons het hom daar opgepas tot hy gesond is. By Labuschagnesnek het ons Van Donderdag tot Maandag geveg onder Kom Myburg toe het ons eers padgegee. Die Engelse het ons laer daar geval. Toe ons terugtrek het ons op Otterkerf vir Veggeneraal Villiers van Transvaal ontmoet. Die eerste aand het hy 200 man uitgestuur op brandwag. Een perd het agtergebly om mee rapporte te neem die ander ~~het~~ is laer-toe gestuur. Daarvandaan het ons getrek na Aliwal toe. Daar is ons op 'n Vrydagaand ~~HANDTEKENING.~~ deur Groot rivier en waar die geveg op Beeskraal plaasgevind het. Die eerste kanonskoot deur die Engelse geskiet het ~~[illegible]~~ op ~~Kom~~. Velkornet Jan de Wet se tent geval. Dit was vroeg op 'n Sondag. Daardie dag was daar baie Vrystaatse vrouens in die laer want daar sou 'n groot diens plaasvind. Veggeneraal Villers was die eerste met sy manne om uit te ja om posissie in te neem. Daar het ons sewe kanone van die Engelse stukkend geskiet. Daar het ons die Engelse skanse gepak soos 'n steen. Op Labuschagnesnek het die Engelse troep om daaroor op muur van die gesneuwelde Engelse ons te skiet. Op Posstal tydens 'n geveg het Veldkornet Gert Barnard geval.

Op Dooimanskrans op die Drakensberge bokant Rhodes. was ons 48 uur vasgekeer. Kom Fouché ons hoof. Basoetoeland die eenkant en Oos Griekwaland in die eenkant. Ons kos was 'n bietjie droë meel. Daardie nag twaalfuur het hy ons bymekaar geroep om 'n gebed te doen. Die Engelse het gebruik gemaak van Soekligte. Tienuur die volgende môre het ons uitgeja. Kom. Fouché het 'n prys op sy kop gehad. wat die eerste een sal kry wat hom skiet. Kommandant Skoebel het op Ryfulspruit die Engelse rapportryer van Nichollsonen met die naam van Moggenrood doodgeskiet. Baie maal het Kom. Fouché my uit die slagveld uitgered.

W. v. d. Berg

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam VAN ROOYEN, JOHANNES CORNELIUS.

Huidige Posadres Doringbult, Pk. Vlieëkraal, oor Maquassi

Geboortedatum 15 Oktober 1875 Ouderdom 10 Oktober 1949 73 jaar en 11 maande.

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog? "Bornmansdrift", Distrik Ladybrand.

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het
Dit was vir my onverwags en dit het my verbaas. Ek is dadelik deur my vader (veldkornet) aangesê om mense te kommandeer.

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen? Ladybrand - kommando.

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen? hoofkmdt. Ferreira; genl. Christiaan de Wet; genl. De Villiers; genl. M. Prinsloo.

5. Het uself offisiersrange beklee? Nee

Indien wel, noem die range met die datum naastenby —

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou).
Perdeberg; Abrahamskraal; Koringspruit; Jammersbergdrift; Bidolsberg

7. Was u gewond gedurende die oorlog? Nee

Hoeveel keer? —

Tydens watter gebeurtenis? —

2/.....8.

90

8. Was u ooit gevang? Ja

Waar? Ficksburg

9. Het u ooit ontsnap? Nee

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping? —

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? Al my roerende besittings verloor

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog?

(a) gewond My broer Petrus (b) gedood —

(c) Na vrouekampe vervoer? (Moeder, 2 broers en 2 susters) (d) Na krygsgevangenekampe gevoer —

(e) Hoeveel is in die kampe dood Moeder (in Bloemfonteinse konsentrasiekamp.)

12. Was u 'n krygsgevangene? Ja.

Waar was u in daardie tyd? Ceylon – Diyatalawa (1900 – tot vrede) – verpleger in kamphospitaal –

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902? Ons was moedeloos omdat ons onafhanklikheid nie herwin is nie; Na die vrede het ek nog 'n paar maande by die siekes in die kamp oppgepas.

Waar was u op daardie tydstip? Hospitaal Diyatalawa. [Ek was onder die laastes om die kamp te verlaat.

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou: Dit was in die winter van 1900 toe ons die brug by Virginia (Sandrivier) aangeval. Een wandag (Pieter Lindeque) ~~se by~~ se perd is net voor die spoor/lyn doodgeskiet. Lindeque het oor die spoor gestorm, tussen die vyand deur en een van hulle perde gegryp. Hy het toe terug na die Boere gejaag. Blykbaar het die ~~bywo~~ Engelse gedink dat hy kom oorgee, anders kon hulle hom net daar ~~dood~~ platgeskiet het. Kort voor vrede is hy doodgeskiet.

15. Vertel een of meer grappie of grappige voorval Dit was toe ek onder kommdt. Crowther gedien het by Ficksburg (1900), het ek gesien hoe offisiere kan skrik. 'n Stuk of elf offisiere het te perd van 'n krygsraad gekom. Ek het hulle langs die pad agter 'n klip met 'n afgesaagde Martini Henri voorgesê. Toe hulle regoor my kom trek ek die skoot af. Hulle het verskrik uitmekaar gespring. Ek moes toe voor die krygsraad verskyn. Toe Crowther aan my vra: „Hoekom het jy dit gedoen?", antwoord ek: „Ek wou sien hoe offisiere kan skrik!" Hy het gelag en gesê: „Loop maar, mens kan met jou ook niks aanvang nie."

16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan

By die slag van Biddulphsberg, het die Engelse aangeval, die gras aan die brand gesteek en onder die rook opgeruk na ons posisies.

(Sien volgende bladsy)

17. Oorlogswoorde: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, e.s. ens.)

Ons (van Ladybrand) is die Korannabergers genoem; vetkoek is „stormjaers" genoem;

18. Algemeen: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

J. C. van Rooyen
HANDTEKENING.

No (16) vervolg: ~~Baie gewondes en do~~ Skielik draai
die wind en dryf die vuur op die Engelse af en verbrand
al die dooies en gewondes wat in die pad van die vuur
gekom het. Ons het baie van die vyand doodgeskiet
en gewond. Nadat die vyand die slagveld verlaat
het, het ek toe twee-uur die nog gewondes versorg en
hulle aan die Engelse ambulans uitgewys. Ek het van
hulle gehoor wat nog leef terwyl uniform brand; een Tommie
se arms is afgeskiet, en hy kon nie sy brandende helmet
van sy kop afkry nie. Ek het dit afgeruk en hom
water gegee. Hy het uitgeroep: „Thank God." Hy
was lelik verbrand.

Hierdie brandende gewondes was vir
my die afgryslikste gesig van die hele
oorlog.

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam VENTER LOUIS.

Huidige Posadres DERTIENDESTRAAT 81 PARKHURST. JHB

Geboortedatum 7NOVEMBER 1871 Ouderdom 10 Oktober 1949 78 jaar

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog? WATERBERG.

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het
Was besig met bouwerk toe ek opgekommandeer is.

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen? Gen Grobbelaar.

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen? Kom. Swanepoel.
Veld. De Villiers

5. Het uself offisiersrange beklee? Nee
Indien wel, noem die range met die datum naastenby —

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou).
Krokodelrivier
Colesberg 1900 15 Januarie.

7. Was u gewond gedurende die oorlog? Nee.
Hoeveel keer? —
Tydens watter gebeurtenis? —

93

8. Was u ooit gevang? Nee.

Waar? —

9. Het u ooit ontsnap? —

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping? —

—

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? Ja. Alles. wat ons besit het

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog?

(a) gewond —   (b) gedood —

(c) Na vrouekampe vervoer? Vrou.   (d) Na krygsgevangenekampe gevoer —

(e) Hoeveel is in die kampe dood —

12. Was u 'n krygsgevangene? —

Waar was u in daardie tyd? —

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902?

Ja. toe ek nog op Kommando was.

Waar was u op daardie tydstip? Waterberg

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou:

as Spioen by Swartkoppies. het ons op Engelse Soldaete opgekom en was kwaai bestook.

15. Vertel een of meer grappie of grappige voorval —

Te veel om op te noem baie reeds vergeet.

16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan

—

94

17. Oorlogswoorde: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, ens. ens.)

Kan nie meer onthou nie.

18. Algemeen: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

L. Venter
HANDTEKENING.

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam Mijndert Petrus Clausen

Huidige Posadres 23 1ste laan Geduld Springs

Geboortedatum 13 Oktober 1882 Ouderdom 10 Oktober 1949 66 jaar

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog? Klipfontein Lichtenburg

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het

Ek was nog op school op Pretoria

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen? Lichtenburg

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen? Genl De Larey

Kom Vermaas veldcornet Izak Clausen

5. Het u self offisiersrange beklee? verskeillende mal (on veldcornet

Indien wel, noem die range met die datum naastenby in 1900 1901 in 1902

Die datums is my ontgaan

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou). en ander

Kimberley, 2 revieve, magersfontein, donkerhoek, selhaatsnek, yzerspruit, Mattheu, Brakspruit en ander

7. Was u gewond gedurende die oorlog? Ja

Hoeveel keer? 2 maal

Tydens watter gebeurtenis? in kleinere skermutselinge

96

8. Was u ooit gevang? nee

Waar? —

9. Het u ooit ontsnap? —

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping? —

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? Ja alles wat ek besit het is vernietig behalwe my perd zaal en toom

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog?

(a) gewond: 1 (b) gedood 1

(c) Na vrouekampe vervoer? 8 (d) Na krygsgevangenekampe gevoer 0

(e) Hoeveel is in die kampe dood 7

12. Was u 'n krygsgevangene? nee

Waar was u in daardie tyd? altyd op die veld by Genl. Delarey

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902? Ja.

Waar was u op daardie tydstip? Op die dag was ek gewond op Malgaaft.

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou: Ek skryf nie graag van my persoonlyke dade want het net my plig gedoen maar ek kan verskillende dade onthou en van die roemrykste was met Donkerhoek se slag toe ek die nag nadat die Kommando moes pad gee tussen die Engelse deur gekruip het. en 'n wag van 30 uit hul hande verlos het

15. Vertel een of meer grappie of grappige voorval

16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan

nooit

17. Oorlogswoorde: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, ens. ens.)

18. Algemeen: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

het nie nog tyd daarvoor nie
kan dit miskien later gee.

M P Claasen
HANDTEKENING.

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam Petrus Erasmus Botha

Huidige Posadres P.E. Botha 54 MaloP. Weg mafeking.

Geboortedatum 1869. 16 october Ouderdom 10 Oktober 1949 ______ jaar

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog?
Welgevonde Dst. Kroonstad.

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het
my Plaas was 9 myl van die dorP. daar sou nagmaal wees en voor die kirk sou aangaan kom ons veldkoernet by my aan ge Jaag en se dit is oorlog meer kon ek uit hom nie kry

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen?
in die Kronstad Komando die naam het ons altyd behou

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen? al was ons nit drie bymekaar soos ons later ver sPry was in die KaaP vrystad en transvaal

5. Het uself offisiersrange beklee? nee.
Indien wel, noem die range met die datum naastenby

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou).
datum kan ek nie ont die eerst was modder sPruit natal sPeJoen KoP wat ons ok maJoba noem Plat Rant os sPruit Rooiwal

7. Was u gewond gedurende die oorlog? nee
Hoeveel keer? een KoP aan die oor was die naaste koel aan my
Tydens watter gebeurtenis? met die slag van Plat Rant

99

8. Was u ooit gevang? Ja

Waar? Klipse kraal bst Kroostad

9. Het u ooit ontsnap? ampir op die tryn in die Kaap Koloni

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping? een donker nag die tryn het gestap die tommi sit by die deur ik het nadergestap en op my snaakse engels met hom gesels met die vaste besluit

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? om uit te spreng

ek het alles verloor behalwe my Vrouw en vyf kinders een hond en een hamer sonder stiel

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog?

(a) gewond — (b) gedood —

(c) Na vrouekampe vervoer? — (d) Na krygsgevangenekampe gevoer —

(e) Hoeveel is in die kampe dood

12. Was u 'n krygsgevangene? Ja

Waar was u in daardie tyd? St helena.

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902? daar was so veel Riem Kabels en telligrame dat ek nie geglo het voor daar

Waar was u op daardie tydstip? een klomp mense op die eiland die eet genoeg het

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou:

ek sou seg dat elkslag deur ons gelwer een heldedaad was of ons moes Retereer of nie maar by uit sondering was waar ek teen woor dig was by Klyn majoba onder brack spuit togela osspruit Rodewal en sovoort

15. Vertel een of meer grappie of grappige voorval die eerste grap vir my was met ons opsek nie tever van Harry smit wort ons die nag haastig aange om op te saal met Perde Komande te trek die Kakie is aan kom dit reen sterk ons moes rond hol in die donker Perdesoek hoe het ons nie geval in slote en gate water nat opgesaal en getrek altyd in reen op Harry smit het Porty in die Kerk geslaap maar ek en ander het getrek

16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan

wel die treurigste voorval vir my was die twee kanone wat opgeblaas was een by ons en een langtom op Lombaarde kop van tee af het ek elk nag by die kanon geslaap

100

17. Oorlogswoorde: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, ens. ens.)

die dinge hier genoem het my heel maal ont gaan solank
ons bymekaar was met die beleg van Ladysmit.
was daar grap en speletjes al die beleg was ons maar
als Perde komando ons walaer het ver agter een groot
kop gestaan ons het een wag hou Plek na by die dorp gehaat
waar ons mekaar af los dan het ons die Pret gehaat

18. Algemeen: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

om in boom in ons Nort te klem as die Kanon skiet dan val
ons agter die muur in so was dit dat ek een dag toevallig
by my wa was toe kom my swaar Willem. Klein hans. daar
aan gery met een keen Jas oor hom ik vra toe wat is verkeert
hy se toe ek is geskiet daar op die wag ek kyk toe dit was
een skaap vel wat ge bars het voor hy die skuiling bereik
- het toe sien ek een koel is lengs ~~langs~~ sy nek. in agter
die regter bladuit een is tussen die skouers in en lag in die

HANDTEKENING.

Rug been vas tussen die skouers een lap vel so groot soos
my hand los geskeur ek moes sukkel om die vel van die
hemp los te kry ek seg toe sy at na die ambulans hy gaan
toe hulle sny die koel uit en ver.bont ham die selde aant
in hy weer by ons die ander more trek die engelse uit
wat baie mael gebeur het hy roep sy kaffer laat op
saal en seg vir die jong vat my geweer en Patrone
en kom hy gaan toe op dit het ons altyd vrywillig
gedoen en so het hy elke dag gedoen tot hy gesant
was so meen ek dat as elk ou stryder die bietjie
wat hy nog kan ont hou op skryf sal dit 'n groot
deel van een boek uit maak

P. E. Botha

54 Male Po. Weg. Mafeking.

B B

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam Jacob Daniel Theunis Prinsloo

Huidige Posadres Potgieterstraat 108, Lyttelton, Transvaal.

Geboortedatum 14 Okt. 1881 Ouderdom 10 Oktober 1949 67 jaar

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog? Fairhead Dt. Ladybrand. O.V.S.

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het
Burgers was opgewonde en gereed om alles in die stryd te werp om 'n end te maak aan die uittarting van Engeland.

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen? Ladybrand.

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen? Gen. Laas Ferreira wat per ongeluk lang Modderrivier doodgeskiet is. Komdt. Stoffel Froneman, Gen. Jan Crowther, Waarn. Komdt. C.J. Muller, Veldkornette Piet Ferreira en Andries Meyer.

5. Het uself offisiersrange beklee? Nee

Indien wel, noem die range met die datum naastenby —

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou).
Paardeberg, Abramskraal, Ladybrand, Jammersdrif (Wepener) 11 April 1900, Bidulphsberg 29 Mei 1900; Bethlehem 6/7/1900, Slaapkraans 29/7/1900.

7. Was u gewond gedurende die oorlog? Ja

Hoeveel keer? een keer

Tydens watter gebeurtenis? Slag by Bidulphsberg 29/7/1900;

2/.....8.

102

8. Was u ooit gevang? Ja

Waar? naby Witsieshoek (oorgawe van Gen. Mathiénus Prinsloo

9. Het u ooit ontsnap? nee

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping? In Bellevuekamp (Simonstad) was in klompie van ons besig om 'n tonnel te grawe maar is uitgevind en ons het toe dinge maar gelaat waar dit was.

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? My vader en ons seuns se vee, sowat 2000 skape, 200 beeste, 60 perde is alles deur die vyand weggevoer.

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog?

(a) gewond: twee (b) gedood geen

(c) Na vrouekampe vervoer? geen (d) Na krygsgevangenekampe gevoer geen

(e) Hoeveel is in die kampe dood geen

12. Was u 'n krygsgevangene? Ja

Waar was u in daardie tyd? Bellevue kamp, Simonstad
Ook 4 maande op skip (Die Kildonan Castle en Armenian)

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902?

Waar was u op daardie tydstip? In die Bellevue krygsgevange Kamp,

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou: In die veldslag van Bidulphsberg naby Senekal O.V.S. was ons 38 Ladybranders onder veldk. P. Ferreira ~~wat~~ op wye 2000 Engelse afgestorm het, maar wat ons vasgehou het met ons mausers van omtrent 9 v.m. tot sononder (die voorste Regimente op 300 tree van ons af) toe hulle verplig was om die aftog te blaas. Die grootste gedeelte van ons burgers onder Gen. Crowther was in die berg en te ver om ons hulp te bied. Late in die dag het ons hulp gekry van 'n ~~bom~~ Maxim met kanonier Moeler as aanvoerder.

× sien vraag 16 en 18

15. Vertel een of meer grappie of grappige voorval

× 16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan
Die môre voor die Engelse opgeruk het, het hulle die gras aan brand gesteek om sodoende 'n rookskerm te vorm waaragter hul kanonne kon beweeg. Die middag het die vuur agter oor die slagveld getrek. Die uniforms van dooies en gewondes het vlam gevat en toe ons die middag hulle op die slagveld storm geloop het, was dit werklik 'n treurige gesig om alles so te aanskou. Die vyand het toe op 'n lang afstand uit kanonne op ons gevuur. Daar is gewond Gen. Hermanus de Villiers, Koos Delport, H. Bekker en myself.

17. **Oorlogswoorde:** Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, ens. ens.)

18. **Algemeen:** Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

(1) By Bidulphsberg het Moeler ('n Hollander) hoewel hy al vyf koeëls deur hom had aangehou vuur op die vyand met sy Maksim. Na ons gewondes by Komdt. Jacobs se huis deur 'n Engelse militêre dokter behandel is, is Gen. de Villiers, 'n baie dapper man, na Senekal en later na Bloemfontein geneem, waar hy oorlede is. Hy was 'n skoonseun van ou Mnr. Andries Burger, oud L.V. vir Ladybrand, voor die Boereoorlog en weer daarna. Ons ander drie gewondes is na Bethlehem Hospitaal geneem.

(2). Op skip is 32 van ons vir 14 dae in 'n cel aangehou, omdat ons 'n paar verraaiers geboë het. Ons kos was vet blikkies skaapvleis met klinkers (oogklappe het ons Boere dit genoem) verder niks, behalwe dat ons van af die 8ste dag een maal op 'n dag swart koffie gekry het.

HANDTEKENING.

(3). Oorgawe Bloemfontein. Die 12e April 1900 was ons in 'n skermutseling met die vyand wat besig was om die spoorlyn-Colesberg–Bloemfontein op te blaas. Die selfde nag was ons net 13 man onder Korporaal Pieter Muller wat wag gestaan het aan die suide kant van die stad. Die 13e het Komdt. Froneman bevel gegee om ons posisies te verlaat. ~~Toe~~ ons ~~terug~~ trek daar waar die Universiteit (U.K.O.V.S.) vandag geleë is, toe net in kaal vlakte, het die Engelse perde kommando Bloemfontein van die Ooste (Shannon) binne gerук. Voorwaar treurig om die vyand jou hoofstad so te sien binne trek, sonder om 'n skoot te skiet!

J.D.T. Prinsloo

Oud L.P.R. vir Ladybrand vir 13 jaar lank, waarvan die laaste 3 jaar L.U.K.
Nou lid van die Boere-Bystandsraad
Pretoria.

14/10/49.

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam Nicolaas Johannes van der. Walt.

Huidige Posadres 22^ste^ Laan 385 Villieria. Pretoria

Geboortedatum 24 Junie 1869 Ouderdom 10 Oktober 1949 80 jaar

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog? Dist. Rustenburg ~~Wape~~ Wagenpadspruit.

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het
Ek het net 'n swaar gevoel gehad vir ons volk, met die wete, dat Engeland 'n Magtige nasie is.

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen? Generaal Delarey.

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen? Komdt. P.S. Steenekamp.

5. Het uself offisiersrange beklee? nee, ~~baie~~ waarnemende (Komdt. en Veldk.)
Indien wel, noem die range met die datum naastenby —

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou).
1) Mafeking (2) Spionkop (3) Colenzo.
(4) "Pieters hill" of. Mora koppie, soos ons hom genoem het.
(5) Nooitgedacht
6) Elandsbraal
7) Onverwacht.
8) Rustenburg.

7. Was u gewond gedurende die oorlog? —
Hoeveel keer? —
Tydens watter gebeurtenis? —

 105

8. Was u ooit gevang? Nee

Waar? —

9. Het u ooit ontsnap? —

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping? —

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? huis afgebrand, vee weg. alles verloor.

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog?

(a) gewond geen (b) gedood geen

(c) Na vrouekampe vervoer? vrou (Meerbank kamp) (d) Na krygsgevangenekampe gevoer nee

(e) Hoeveel is in die kampe dood geen.

12. Was u 'n krygsgevangene? nee

Waar was u in daardie tyd? op Kommando.

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902? Ek het toe wapen neergelê, saam met Delarey op Doornpoort?

Waar was u op daardie tydstip? op Rooiwal

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou:
ek het 'n troep gevang, en is toe ondervra deur Generaal, en die hoed van hom, is twee keer verruil en die laaste het nie 'n bol gehad en toe vra die Kakie, "is there anymore" tot groot pret van die boere.

15. Vertel een of meer grappie of grappige voorval
met Nooitgedacht op Magaliesberg, waar die die Kakies 'n regement "gehandsop" het, loop ek na 'n verwonde Soldaat, om hy kan te gee, agter 'n klip staan 'n offisier, hy wou my skiet, toe slaan ~~hy~~ ek die geweer uit sy hand en skiet hom toe deur die kop. Gen. Beyers vra my toe, wat maak jy nou, voor ek kan antwoord, antwoord 'n Kakie, hy was reg, want hulle het al oorgegee, waarom skiet die offisier op hom.

16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan
die swaarste was, die neerlê van wapens

17. Oorlogswoorde: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, ens. ens.)

18. Algemeen: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

N.J. vd Walt

HANDTEKENING.

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam Christoffel Petrus Cilliers

Huidige Posadres 60A Kimberley weg Bertrams Johbg

Geboortedatum 1883 9 October Ouderdom 10 Oktober 1949 66 jaar

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog? Dist. Bethlehem plaas Hattingsdal naby Kransfontein St

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het

ja ek was teleurgesteld, my naam was nie op die Komandeerlijs nie, en mij hart het gebrand om die vreemde indringers te gaan beveg, en kon nie teen ouer bevel handel nie

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen? Bethlehem Komando

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen? Komandant Hendrik Bruwer Genl. Lukas Rautenbach, soms onder Genl de Wet

5. Het uself offisiersrange beklee? nee

Indien wel, noem die range met die datum naastenby —

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou).

na Bethlehem ~~geval~~ geval het is ek Komando toe, bij 1 slag Bethlehem die Lidiet koppie in Sept 1900 die Klaas Bende oorrompel in Lente van 1900

7. Was u gewond gedurende die oorlog? nee.

Hoeveel keer? —

Tydens watter gebeurtenis? —

108

8. Was u ooit gevang? nee

Waar? ——

9. Het u ooit ontsnap? ——

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping? ——

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? Ja Kaffers in kakie klere het die Trop beeste in die Kraal gejaag al die beste gevat die brummels laat agterbly en op al die schape die veldsperds oor wild dood geschiet

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog?

(a) gewond nee (b) gedood nee

(c) Na vrouekampe vervoer? nee (d) Na krygsgevangenekampe gevoer nee

(e) Hoeveel is in die kampe dood ——

12. Was u 'n krygsgevangene? nee ——

Waar was u in daardie tyd? in die veld op die Vrijstaatse vlaktes

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902? Ja na al die strijd en smart en die Tyding dit is vrede burgers moet wapen neer lê, is bittere trane gestort deur Geharde krijgers moeders en kinders van Suid Afrika

Waar was u op daardie tydstip? Dist Bethlehem

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou: Dit was n' jong burger Willem Olivier van Kestell O.V.S. Hij en sij broer was op verlof huistoe daar aangekom en bietjie gerus en toe veld toe om te sien wat het oorgeblij, en toe hulle terug rij huis toe sien hulle voor die woonhuis perde staan, hij rij tot by die stal hok sij perd vas, en hardloop huistoe die geweer is in sij buite kamer aan die huis die officier sien hom en vra have you got a pass, hij se ek gaan hom gou haal en toe hij uitkom val twee schote gelyk die rooie Mors dood en die ander geschiet en gou het hij die weg shoon gehad

15. Vertel een of meer grappie of grappige voorval

Dit was n' Engelse patrolie hulle rij na n' boere plaas en het al die benadigheid bij hulle en vra die boervrouw om vir hulle pannekoek te bak, die vrouw willig in, en die eerste panne koek wat rij omkeer sê sij te Wit, en kakie sê Wat de Wit en weg is hulle

16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan

Ja om maar twee daarvan te noem dit was met die slag van Groenkop, toe die tig wort was die slag oor, die reuk van bloed en kordite en die gekerm van gewonde en die gesig van virmenktes, sal ek nooit vergeet nie. Toe het ek die huis besoek waar ons gewondes was,

 109

27. Oorlogswoorde: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, ens. ens.)

Wat vir my altyd opvallend was, Die kopperaal schappe het name gehad en as ons in n' groot komando trek in die nag as halt geroep word kan jy die name hoor uit roep, hier is nog van die wat ek onthou. Noordenveld, popelierhoek, Basboomvlakte, Agtertang. Oorlogswoorde, vir swaar, ons het vandag swaar afgegaan, om kakie te schiet. blik hom.

18. Algemeen: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

Dit was na aan die einde van die Oorlog vrouwe is toe nie meer gevang nie kom daar 1 dag 7 Tommies op n' plaas aan hulle gryp daar n' boer dogter en 4 pen haar op die grond vas, en 7 duivels in kakie unie form soos ons nou in welvoeglike taal sal sê rand haar onsedelik aan, en elkeen het sy beurt gekry, en sy het by die dood ongedraai, sy en haar moeder was alleen.

ek zal nie name noem nie sy leef nog. C. P. Cilliers.
HANDTEKENING.

Op n' dag trek daar n' Engelse laar verby op n' plaas waar 2 vrouwe alleen is, en twee kaffir soldate in kakie unie vorm gaan daar aan en vertel somar dadelijk aan die vrouwe wat hulle wil hê, (Natuurlik onsedelike taal) Gelukkig kom daar officier, en die vrouwe vertel toe aan hom wat sij troepe verlang, hij het hulle toe daar weg. Maar toe hulle rij toe sê hulle aan die vrouwe ons sal vannag weer kom.

Net na van hulle was nog n' plaas waar 2 ander vrouwe is, hulle is die aand soheen toe, die nag om elf uur word daar aan die deur geklop, dit was die agter deur, en die was met n' werwel toe, en hulle stamp toe ok somar die deur oop en in is hulle. Daar was n' boere dogter in die huis en toe sy die lawaai hoor spring sij uit die bed uit, en toe sij in die gang kom loop sij haar teen die swart duivels vas en hulle ~~kak~~ kak haar in, en peil deur toe Toe kom haar moeder en tante bij, en die tante het kort ijster in haar hande en timmer meneer soldaat op die arm en hy los toe weer die ander een en hulle onset

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam Casper · Hendrik · le Roux

Huidige Posadres 14 Bree Straat
Parys. O·V·S

Geboortedatum 10 Augustus 1879 Ouderdom 10 Oktober 1949 70 jaar

op 5 de Maart 1901 Het ek by die Boere aan gesluit die Offisier was Sers. Smith.

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog? C.T. op die Plaas Groen Hoek Dis Cradock

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het

ons was gewaarsku as Britse onnerdane om nie deel te neem. aan die Boere Kant nie. en ook is ons gewaars gedat

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen? Gen. Piet Kritsinger Velk. Breed

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen? Komd. Hans Lotter Hoof Velk. Willie Kruger

5. Het uself offisiersrange beklee? —

Indien wel, noem die range met die datum naastenby —

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou).

Waterkloof Dis. Cradock 1901 April daar is 28 Kakie gedood. 300 gevang van ons Kant 1 gesneuwel 1 gewond

7. Was u gewond gedurende die oorlog? —

Hoeveel keer? —

Tydens watter gebeurtenis? —

2/.....8.

111

8. Was u ooit gevang? Ja op die Berg by die Skier Pes. graaffReinet
Waar? waar Komd. Lotter se Comando der nietig is

9. Het u ooit ontsnap? /

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping? /

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? Ja al my besitting is gekonderskeer deur Engelse om dat ek hi Rebel was

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog? /

(a) gewond /  (b) gedood

(c) Na vrouekampe vervoer? /  (d) Na krygsgevangenekampe gevoer /

(e) Hoeveel is in die kampe dood /

12. Was u 'n krygsgevangene? Ja ek was derban der lewenslang
Waar was u in daardie tyd? na Bermuda as Caap Rebel en moes Harde arbeitdoen tot 7 Maande na vrede

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902? Ja derbanne. en derlange na my Vader land. SuitAfferka.

Waar was u op daardie tydstip? Bermuda Eiland

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou: ek ont hou nog hoe ek op 3 de September 1901 die dag by Jelzams Kaak na by PearSton van die Comando af ge sny was en nog twee van die Burgers Coetzee en Vanderwalt Kakii was toe om ons. hulle het toe beslict om hulle Perre en die Slag agter telaat en te slug met die voet na hi berg ek wou my ou geliefde ou dier. ou blesbok. nie agter laat nie. ek was toe omsingel van Kokies

15. Vertel een of meer grappie of grappige voorval

en kom toe in hi diep Sloot. daar kom toe ongeveer 50 Kakies op my af gestorm ek moes toe maar die Leemetford gebruik en het toe onder hulle so dood geskiet dat hulle na hi rand moes slug toe het ek en my ou liewe ou dier ook kon slig na hi Berg gelukkig gaan. die Son toe onder die volgende dag het ~~toe~~ ek toe weer by my Commando gekom

16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan

op 5 de September 1901 by die Skier op die Berg Pes. Graaff-Reinet Waar ons Comando ver nietig is. daar is 14 van ons Burgers gesneuwel en 48 gewond dit was die droefste treur spel om te sien wat my oi gesien het

17. Oorlogswoorde: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, ens. ens.)

Kakie is laat. op Saal Koerre Kakie kom. daar blits hy. dal plat Kerels.
So lang die lepel in die Mielie Pap Steek treren wy nie. dik eet. Kos Soorte Mielie Pap. Stoorm Jares. en Vlys gesond met Perre Sweet

18. Algemeen: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

ek was beskuldig der moord en hoogverraad en het dood vones gekry. en was 17 daë in Sel op gesluit. en toe deur die genade van Lord Kitsinger verbanne na Burmuda harde arbeid. daar was ek 13 Maande van 1902 tot 1903 Januarie 21. my werk daar was pik kap. kruwa Stoot. en klippe Saag. ens. ens.

C. H. le Roux
HANDTEKENING.
Kerk Straat
Parys. O.V.S

Nou iets van my Self wat ek gedoen het en die en die oorlog ek en een van my maats gaan verken ons het byna deur die Nag gery. kom toe op hë Plaas wat ek goet was. ek se toe ver my maat met die naam Piet. Erasmus kyk ou maat. ons moet eers hier by die huis uit vent of dit veilig is want ons is hier aan die groot Pad van Cradock na Middelburg. ons het toe ons Perre ver Steek en hë digtebos ons Stap toe na die huis dit was nog nag en baie donker. ons het toe Stel stel rond Snuffel en toe by een van die vensters geklop en hë Seun se toe ver ons dat daar kakies op die Plaas is. net agter hë Poppalierbos ek besluit toe dadelik om Perre te gaan buit van Kakie. ek het toe deur die bos gekruip my maat agter die bos laat staan. ek het toe by die Perre gekom waar hulle aan lyne was was toe Sien ek eers die gevaar waar ek in was want kakie lek hë Swart bank voor die Perre. en ik Sny toe een van die mooiste Perre los. en toe Stadig terug na my maat ek se aan hom om ook hë Peert tegaan haal. maar hy wou nie ons is toe weer die nag terug na ons Comando my ou maat is toe later gesneuwel

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam Gerhardus Petrus Brits

Huidige Posadres 98. 4de Straat
Boksburg Noord.

Geboortedatum 29 Nov. 1883 Ouderdom 10 Oktober 1949 65. jaar

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog? Modderfontein Distrik Heidelberg. Transvaal.

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het
Ek het toe hoera geskreeu, as jong man wat niks geweet het nie.

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen? Boere Kommando's Onder Generaal Piet Joubert.

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen? Kommandant S. B. Buys

5. Het uself offisiersrange beklee? Nee.
Indien wel, noem die range met die datum naastenby

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou).
Colenso. 15 Desember 1900. Ladismith — ?
Spioenkop, Klein Tugella.

7. Was u gewond gedurende die oorlog? Nee
Hoeveel keer? nie
Tydens watter gebeurtenis?

2/.....8.

114

8. Was u ooit gevang? nee.

Waar? —

9. Het u ooit ontsnap? —

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping? —

—

—

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? Ja. Die Engelsman het al my besittings gevat. Vee en Gesaaides

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog?

(a) gewond: Een. (b) gedood nil

(c) Na vrouekampe vervoer? 7. (d) Na krygsgevangenekampe gevoer nil

(e) Hoeveel is in die kampe dood 3.

12. Was u 'n krygsgevangene? nee

Waar was u in daardie tyd? —

—

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902? Ja. Die Englse het gesê dat ons oor 5 jaar weer self sal regeer.

Waar was u op daardie tydstip? Frankfort. O.V.S.

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou: Op Boshoek distrik Heidelberg het ek tussen 3 engelse in 'n sloot in gejaag. Die een se been af geskiet, en twee ge-hensop.

15. Vertel een of meer grappie of grappige voorval Een oggend was ons op pad na Lemoenblaas met 'n trop ruiterkommando. Die Tommies het ons voorgelê. Op ons los gebars, my en maat se perd trap toe in 'n gat en val bo-oor hom. Toe hy afkom gryp hy die perd aan die stert. Hol omtrent 200 treë, toe val hy. Ek het toe maar weer sy perd agterna gesit en hom gevang.

16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan

Dit was slag Rammelmoord, Daar kry ek toe een môre 'n groot vriend doodlê, En twee gevange. Die Een was Bouwer. Skoolmeester en Van Emmenis van die Artillery, wat ek later moes help doodskiet ander verpligting.

17. <u>Oorlogswoorde</u>: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, ens. ens.)

Langtom het ons Ou Stemreg genoem. Die Engelse Groot Kanon het ons Werdas genoem. Van die kossoorte het ons Stormjaers genoem. Dood gooiers. Maag bom.

18. <u>Algemeen</u>: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

Al wat ek nou nog wens en vooruitsien is dat die Afrikaner volk nog die boonste trappie van die lees sal bereik, en dan 'n groot fees viering gereel kan word. ter gedagtenis van die Afrikaner volk se verdrukking wat in die verlede gewees het.

G P Brits
HANDTEKENING.

116

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam Isak Duncan Powell.

Huidige Posadres P. K. Meyerton. (TVL)

Geboortedatum 29st Mei 1875. Ouderdom 10 Oktober 1949 73. jaar

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog? Vrededorp. Johannesburg.

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het
Ek was die oggend besig in die smitswinkel toe ek daarvan meegedeel was.

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen? Johannesburg Kommando

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen? Kommandant Ben Viljoen

5. Het uself offisiersrange beklee? —

Indien wel, noem die range met die datum naastenby —

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou).
27. Okt. 1899. Elandslaagte. 2de Nov. 1899. Ladysmith omsingel
(15de Dec 1899 Colenso. Verlies Van Engelse 7700. Manskap en 10. Kanone.)

7. Was u gewond gedurende die oorlog? Nee.

Hoeveel keer? —

Tydens watter gebeurtenis? —

2/.....8.

117

8. Was u ooit gevang? Ja.

Waar? Toutesberg (Middelburg distr.)

9. Het u ooit ontsnap? —

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping? —

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? —

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog?

(a) gewond Een (b) gedood Een

(c) Na vrouekampe vervoer? — (d) Na krygsgevangenekampe gevoer —

(e) Hoeveel is in die kampe dood —

12. Was u 'n krygsgevangene? Ja.

Waar was u in daardie tyd? India, Trisanopali, Abanagar Fort.

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902? Generaal Delarey kom haal ons in Abadnagar Fort.

Waar was u op daardie tydstip? Abadnagar Fort

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou:

Kommandant Generaal Viljoen stuur my om die nek van 'n bommeksien te gaan regmaak digby Engelse lienies. daar ek hoefsmit op kommando was.

15. Vertel een of meer grappie of grappige voorval Ons was aangejaag as gevangene en moes een aand langs 'n kutbos op 'n bokseil slaap waar die wagte om ons wag staan. Middernag kom daar toe 'n paar rotte tussen ons velskoene wat op 'n hoop lê en die maak toe 'n lol se lawaai dis toe die tommies ~~sk~~ hulle sersant roep en sê. Sarjent! Sarjent! All the boats is ~~running~~ away!

16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan

'n Getroue vriend van my wat se kop weggeblaas was deur 'n bom wat langs my gekom het. op Spioenkop.

# I

Na die slag van Aluesia Fort het ons die groot kanon "Lady Roberts" met 500 Engelse troepe gevang. En die troepe oor gejaag na Lautesberg toe, en na dit hulle weer terug geja na hulle Komando toe. Ons het toe nog die Kanon gehad, ons het toe die naam "Lady Roberts" uit gevee en "Lady Viljoen" op geskryf. Nadat dit trek ons toe die kanon bo op Lautesberg en stop hom vol dinamite, en hom op geblaas, vandag is daar nog stukke van hom in Pretoria sê Museum. Die selfde nag agter die kanon se opblaas toe het Generaal Viljoen gespioen om te kyk waar hy met sy manskappe kan deur om te vlug want die Engelse is rontom ons. Die nag het ons toe sonvar ons perde geneem en deur gevlug party het sonvar oor die Khakies gery. 'n Paar van ons manskappe was agter-

II

bly want ons het nie perde gehad nie. En ek was saam met die klomp wat agter gebly het. Ons het toe die 5 man wat agter gebly het in 'n gat in die berg weggekruip. Maar ongelukkig het 'n Kaffir ons by die Engelse gaan verraai. Toe kom die troepe soos 'n roos swerm bye rond om ons aan en die aarde het eindelik geruk soos hulle aan kom. Toe hulle so aan kom was die Kaffir heel voor loop hy en speel met die asegaai voor die Offesiere. Toe hulle voor die gat kom skreeu hulle vir ons om uit te kom. Voor ons wou uit die gat gaan vat ek my geweer en wou die kaffer skiet. Toe se die Hollander Mnr Onderstal. "Gode verdome moet tog nie skiet nie". Want die Engelse sal ons dood skiet in die gat. Toe ons buite die gat staan toe sê 'n Boere offesier "Gooi weg julle gewere en Patroon bandé" Toe se ons almal nee ons sal ons nie self ontwapen nie

III

Toe kom hulle en ruk ons patroon bande van ons af en gooi die gewere een kant toe. Na dit jaag hulle ons toe aan tussen die troepe tot waby hulle laër. En daar van daan het hulle ons toe weer aangejaa per voet na Middelburg sonder kos net die harde klinkers wat hulle ons gegee het om te eet. Toe ons die môre na Pretoria weggestuur word moes ons in bees trokke gery het met vier gewapende tommies by ons in die trok. Toe ons in Pretoria afklim toe ja hulle ons in die straat af na die randjies toe waar daar 'n soort van 'n tronk is, daar het ons toe die nag geslaap tot die volgende môre. Om nege uur kom Gen Botha en Kitchener met 'n paar Offesiers na die Offiee. waar hulle ons toe laat roep het met die Engelse troepe. Ons was toe vyf stuks wat voor gekom het. Dis Mnr Onderstal. Mnr Laurie Mnr J B. Powell en ek Mnr L.D. Powell maar die

vyfde een se naam is onbekend.
Toe ons daar kan vra die een
Offesier of ons die "Parol" wil
teken om huistoe te gaan. Toe sê
ons nee ons is krygsgevangne geneem
en stuur ons weg as krygsgevangne.
Toe sê Lord Ketchener en Gen
Boeler. dat hulle ons na 'n plek
in Indiá sal stuur waar ons
almal sal dood gaan aan die
koors. Toe seg die Halander
"Gode verdome waar julle kan
lewe sal ons ook lewe al stuur
julle ons na die Hell sal ons
daar ook lewe." Agter dit het hulle
ons name afgeskryf. Toe kyk
Gen Boeler en Ketchener na mekaar
omdat ek en my neef altwee Engelse
vane het. Toe se hulle vir ons
waar julle is mos Britse onder-
dane. Hulle sal ons twee alleen
weg stuur na die breekwater.
Toe seg ons dat hulle in die
boeke in Pretoria kan gaan kyk
dat ons al twee. burgers is
van die Rand. Toe stuur hulle

V

ons weg na Indië. Dis ons Vaderland sal ons stry en ly tot die dood toe. Toe ons in Indië land staan die Engelse vrouens en Koelies by honderde om te kom kyk na die wilde nasie wat hulle van gehoor het. Ons is 'n swart en bruin nasie en lyk soos bobbejane met lang hare. Toe ons van die skip af klim en by hulle verby marsheer toe groet ek en my neef hulle op Engels. "Ou my God" sê een van die vrouens uit een van die ander, dis dan ons eie nasie hulle lyk dan nes ons en praat die selfde taal, en watter skande is dit nie dat ons gehoor het dat dit 'n wilde nasie is. hulle behoort hulle te skaam"

Ek is jammer dat ek party van die datums vergeet het. Maar herdie wat hier geskryf is is die reine waarheid.

Ou Stryder

Mnr. I. D. Powell.

17. Oorlogswoorde: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, ens. ens.)

In India het ons geetjies in die brood gekry wat ons moes eet. Toe ons dit agter kom stuur ons die brood na die Offisiers om na te kyk en daardie dag moes ons toe sonder brood en kos bly. want hy se die geetjie het waar in die brood gekruip!

18. Algemeen: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

Dit was die aand op Oom Paul Kruger se verjaarsdag in Trisenopoli Kamp waar ons speletjies gehad het toe daar skote afgevuur was deur Indiaanse wagte en twee Vrystaaters doodgeskiet het. In die Indiaanse koerante was geskryf dat ons die tekke wou stoom daarom het hulle vuurwapen op ons gebruik. en dit was 'n leuen..

J. D. Powell

HANDTEKENING.

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam Stephanus. Hermanus. Pieterse.

Huidige Posadres Rietfontein 162,
P.K. Hermina, Oor. Roodepoort

Geboortedatum 18de Augustus 1883 Ouderdom 10 Oktober 1949 66 jaar

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog? Staats - Artillerie Pietoria.

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen? As Staatsartilleris na Kimberley gestuur (Genl. du. Toit), Genl. Delarey, Genl. Lemmer, Genl. Cilliers, Genl. Delarey, Genl. Liebenberg

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen? Lt. Thuinsma, Lt Vogel, Lt. Krauter (Staats Artillerie - offisiere)

5. Het uself offisiersrange beklee?

Indien wel, noem die range met die datum naastenby Korporaal (Kort voor die Vrede.

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou).

Veertienstroom, Malpo, Donkerhoek, Kommandonek, Olifantsnek, Nooitgedacht Rustenburg (Kort voor Kersfees 1900) Marico-dist. Lichtenburg, Brakspruit, Stompies, Ysterspruit, Hartsrivier, Rooiwal.

7. Was u gewond gedurende die oorlog? Nee

Hoeveel keer?

Tydens watter gebeurtenis?

119

80 Alexandrastraat

Florida

14 Oktober '49.

Mnr. D.P. Goosen
Sek. Volksfeeskomitee
Helpmekaar Hoërseunskool
Johannesburg.

Waarde Heer,

Met betrekking tot "Inligting verstrek deur Oudstryders, Vryheidstryd 1899 - 1902, Feesverrigtinge in Johannesburg 1949," moet ek u meedeel dat ek dit hoog op prys sal stel, as u so goed wil wees om die volgende verbetering te laat aanbring op Vorm 1, alienea 5, wat moet lees:-

"Assistent Veldkornet vanaf September 1900 en later bevorder tot Veldkornet (as opvolger van Veldkornet J.F. Vercueil) en van tyd tot tyd Waarnemende Kommandant onder Genl. C.H. Muller."

Baie jammer om u lastig te val, maar ek het my vorms laat deur die pos ontvang, en het min tyd tot my beskikking gehad om die vorms behoorlik te voltooi.

Met die meeste agting
Die uwe
P. Eduard Minnaar
. (P. Eduard Minnaar)

1 Bylae

119

Informasie vir die geskiedskrywer;-

Die Regering het dit nodig geag om Veldkornet J.F. Vercueil, wat ook Onder Naturelle Kommissaris was, te benoem tot Naturelle Kommissaris van die distrik. Die Naturelle stamme, wat groot en magtig was, in die Laeveld van Middelburg, het begin voel asof hul aan hulle self oorgelaat was. Die Engelse het natuurlik ook probeer om hulle invloed te laat geld en was ons verplig om die Naturelle hulle onderhorigheid aan ons, te laat besef. 'n Beter keuse vir bogenoemde amp, as Jan Vercueil, kon die Regering nie gedoen het nie. Hy het verskillende Naturelletale sowel as die naturel self, met al sy gewoontes en sedes, geken, en sy naam was gunstig bekend by die kapteins.

(Vir die kommando, was Veldkornet Vercueil 'n mooi figuur, aangename persoonlikheid en 'n dapper offisier; eerlik en regverdig.)

Florida
14.10.'49.

( P. Eduard Minnaar)

120

8. Was u ooit gevang? Nee

Waar? ―

9. Het u ooit ontsnap? ―

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping? ―

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? Geen salaris meer ontvang nie en alles verloor.

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog?

(a) gewond ― (b) gedood ―

(c) Na vrouekampe vervoer? (d) Na krygsgevangenekampe gevoer

(e) Hoeveel is in die kampe dood ―

12. Was u 'n krygsgevangene? ―

Waar was u in daardie tyd? ―

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902? ―

Waar was u op daardie tydstip? Jakkalsfontein Dist Wolmaranstad.

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou: In die geveg te Hartsrivier (waar Lord Methuen gevange geneem is) het A. Cornelius (Staats-Artilleris) in die hewige geveg tussen die Engelse ingejaag, en homself aan 'n uitstekende ryperd, met 'n splinternuwe saal en toom gehelp, wat aan 'n Engelse Offisier behoort het. Daar Cornelius 'n muil vir 'n ryperd gehad het, het hy homself gehelp om beter oor die weg te kom.

15. Vertel een of meer grappie of grappige voorval Brakspruit, naby Hartsrivier Gedurende genoemde geveg het 'n bobbejaan op 'n muil vanaf die Engelse gekom en tussen die Boere gekom. Aan die saal was twee kassies vol met Leemetford-patrone. Die Boere het die "Ta" welkom ontvang en hy het nog 'n tydlank by hulle gebly.

16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan Izak Koen, 'n staats artilleris wat 'in 'n Engelse offisiers uniform gekleed was, is op Jakkalsfontein gevang en hy is onverhoord geblindoek en doodgeskiet.

121

17. **Oorlogswoorde**: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, ens. ens.)

Byname: Vaalgras (ekself)
Poena (A. Cornelius)
Verewa }
Spider } Twee broers V.d. Heever.
Beesvleis was nooit anders genoem as "Pille"

18. Algemeen: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

Op Leeukop - Wolmaranstad - het ons op die plaas van Mnr. H. van Rensburg gekom, waar 'n trop skape in 'n kraal gejaag is en met bajonette doodgesteek was. Onder die dooies het ons nog lewendige skape uitgehaal. Op Hartbeesfontein, na die Engelse kolonne daar deurgetrek het, het ons daar aangekom en 'n hele paar varke gekry, waarvan die een boud afgesny is en die nog lewende diere só aan hulle lot oorgelaat is. Ons het hulle toe die genadeskoot gegee!

S. H. Pieterse
HANDTEKENING.

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam JAMES FLANAGAN

Huidige Posadres P.K. Fochville

Geboortedatum 9/1/1879 Ouderdom 10 Oktober 1949 70 jaar

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog?

p/a Polisie, Johannesburg

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het

Ongeveer 12 of 13 Oktober 1899 was ek op diens in Pritchardstraat en by die Queens Hotel was 'n klompie Engelse wat 'n naturel na my gestuur het om my om my pas te vra. Ek was jonk en gretig om teen die Engelse te gaan veg.

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen? (1) Polisie Kommando (2) Rooi Regeringskorps.

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen? (1) Komdt. van Dam (2) Gen. B. Viljoen (3) Gen. Wynand Viljoen (4) Kapt. Andries du Toit & Komdt. Piet Joubert

5. Het uself offisiersrange beklee? Adjudant van Rooi Regeringskorps

Indien wel, noem die range met die datum naastenby

Adjudant ±9 maande voor ek wapen afgelê het.

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou).

30/10/1899 Ladysmith (Natal)
15/12/1899 Colenso
±16/1/1900 Colesberg
Abrahamskraal.
± Mei 1901 Dalmanita
1/1/1902 Elfesia

7. Was u gewond gedurende die oorlog? Nee

Hoeveel keer?

Tydens watter gebeurtenis?

2/.....8.

123

8. Was u ooit gevang? Nee.

Waar?

9. Het u ooit ontsnap? —

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping?

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? Nee

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog?

(a) gewond: geen (b) gedood geen

(c) Na vrouekampe vervoer? geen (d) Na krygsgevangenekampe gevoer geen

(e) Hoeveel is in die kampe dood geen

12. Was u 'n krygsgevangene? Nee

Waar was u in daardie tyd?

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902? Ja - onthou dat afgevaardigdes gestuur was. Gen. Wynand Viljoen is afgevaardig deur die Kooi Regeringskoppe.

Waar was u op daardie tydstip? Naby Pelgrimsrust.

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou: (1) Naby Spekboomrivier het Willie du Toit, terwyl twee Engelse hom aangeval het, een se keel afgesny en die ander een geskiet. (2) Ek en 'n maat het een aand vir nooiens gaan kuier. My maat het agtergebly en ek het naby afgesaal om te slaap toe ± 200 Engelse daar verby kom. Ek het tussen hulle deur gery met 3 hand perde sonder dat 'n skoot gevuur is. (3) My maat en ek was op brandwag en het gegaan bo op 'n koppie waar die Engelse ons voorgelê en my maat geskiet was. (4) 'n Bom was geskiet wat voor Komdt Kriel geval het en toe val hy van die perd af. Onder baie kwaai geskut het Faan Deysel terug gejaag en gevind dat Komdt Kriel in 'n erdvark gat ingekruip het.

15. Vertel een of meer grappie of grappige voorval (1) Op Pelgrimsrust by 'n myn het ons 'n stuk of 6 man 'n koekepan by die duin opgestoot en dan ry ons daarmee af. Die koekepan moes deur middel van 'n paal gerem word wat deur 'n gat in die ~~koep~~ koekepan gemaak was en teen die grond vasgedruk word. Sekere Dannhauser wat koekepan moes rem, het gesê dat hout uit sy hand geval het, met gevolg dat koekepan spoor duister geraak en een kerel sy arm gebreek het.
(2). Op 'n plaas waar die eienaar gevange geneem was, was 'n woonhuis half vol met los wol. Ons het op balke gesit en stoei en die een wat afval word deur die ander met die wol toegegooi en later weer oopgekrap. Toe ons een kerel wou oopkrap het hy flou geword van benoudheid en ons moes vreeslik sukkel om hom weer by te kry.

16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan
(1) Naby Lydenburg is 'n huis afgebrand en die persone is deur kleurling 'n ent vervoer waar 'n vrou geboorte gegee het aan 'n kind en albei daar oorlede is
(2) Op Colesberg was 4 van ons op patrollie en het 2 Engelse brandwagte teen gekom. Toe hulle vlug is een in die rug geskiet en hy het vreeslik gekerm van pyn en geroep na sy moeder en suster
(3) Toe ons op Lydenburg moes wapens aflê was dit hart verskeurend.

17. <u>Oorlogswoorde</u>: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, ens. ens.)

(1) „I spy" vir aankomende bom - bedoelde burgers moet wegkruip. (2) As iets eienaardigs gebeur die uitdrukking „Stadig kêrels ons is van Komdt. Dik eet se mense. (3) „Maagplate" vir Engelse klinkers (4) Lt. A. S. van Staden genoem „A. S. Keervoor." (5) Sers. Pretorius genoem „Broeklos." (6) Sers. Maj. Smit genoem „Vaatjie". (6) Australiers het vinnig getrek en hulle is genoem die „boesmans."

18. <u>Algemeen</u>: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

(1). Een keer het ons afgesaal en begin vleis braai toe die Engelse op ons skiet. My perd het weggehadloop en 'n maat s'n het reguit na hom aangestap gekom ten spyte van die gevuur.

(2) Tussen Lydenburg en Machadodorp was daar omtrent 30 waens vlugtende vrouens en kinders. Van agterste wa het Engelse 3 osse met 'n kanon doodgeskiet

(3). My vader is te Spioenkop op 24/1/1900 doodgeskiet. ~~ex~~ My moeder en een broer is ook gedurende die oorlog dood.

J Flanagan

HANDTEKENING.

125

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam Paul Phulkiest Res jacobus v d Merwe

Huidige Posadres 76 house str Elsburg T vaal

Geboortedatum 27 - Agustus 1884 Ouderdom 10 Oktober 1949 65 jaar

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog? Dewetsdorp

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen?
Kommandand DeVos. O V S.

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen?
Kommedant DeVos. Kronstaad

5. Het uself offisiersrange beklee? Nee

Indien wel, noem die range met die datum naastenby

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou).
ih Kom 3. Kryl Wonteun
volskevier Jasse kraal.-

7. Was u gewond gedurende die oorlog? Nee

Hoeveel keer? —

Tydens watter gebeurtenis?

2/.....8.

 126

8. Was u ooit gevang? Nee

Waar? —

9. Het u ooit ontsnap? Een keer

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping? ik in My Maat Het een Rekord na Generaal De Wet gelei en is byna die engels gevang in toe het

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? was weg gejaa Of My vader gegeet in gehaal —

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog?

(a) gewond ______ (b) gedood 1 Broer

(c) Na vrouekampe vervoer? ______ (d) Na krygsgevangenekampe gevoer 10

(e) Hoeveel is in die kampe dood My Moeder

12. Was u 'n krygsgevangene? Nee

Waar was u in daardie tyd? op Kommandoe

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902? op Kroonstaad wapen af gele

Waar was u op daardie tydstip? in Des Kroonstat

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou: ik in My Maat Was gestier om een Rekord na Generaal De Wet Te Neem en is gevange in Tussen 4 Soldate gevang na Die Laal in Besluyt om weg te jaa in ons het Sonder een het geld uit gekom

15. Vertel een of meer grappie of grappige voorval op Krygskommando was ons in een geveg in Die Rooinek skiet net voor my af die klip waar agter ik lêe in ik Niks of My hoed weg Praat Nie van Die Vel van die Neus My Maat Dank ik is dood

16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan Net Die Tyding van die Dood van My Moeder in van My ouste Broer wat geval het

127

17. Oorlogswoorde: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, ens. ens.)

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

18. Algemeen: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________
HANDTEKENING.

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam NICOLAAS CORNELIUS CLAASSEN

Huidige Posadres 184, RAND COLLIERIES, P. K. DALVIEW

Geboortedatum 14-10-1877 Ouderdom 10 Oktober 1949 71 jaar

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog? Roodebank Distrik Standerton

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het

Die gerugte het al lank die rondte gedoen. Die Volksraadslid het ons voorberei dat oorlog kan uitbreek. Die eerste wat ek egter wis was toe ek opgekommandeer is.

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen? Die Standertonse-Kommando

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen? Veldkornet GERT BOSHOFF en later onder Gnl. Coen Brits + Kommandant Claassen

5. Het uself offisiersrange beklee? Ja

Indien wel, noem die range met die datum naastenby Veldkornet 15 Desember 1901

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou).

DUNDEE, LADYSMITH, SPIOENKOP en Onderbroekspruit waar die Engelse deurgebreek het na Ladysmith

7. Was u gewond gedurende die oorlog? Nee

Hoeveel keer? —

Tydens watter gebeurtenis? —

129

8. Was u ooit gevang? NEE

Waar? —

9. Het u ooit ontsnap? —

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping? —

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? JA ALLES

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog?

(a) gewond. Geen (b) gedood Geen

(c) Na vrouekampe vervoer? Geen (d) Na krygsgevangenekampe gevoer My VADER.

(e) Hoeveel is in die kampe dood Geen.

12. Was u 'n krygsgevangene? Nee

Waar was u in daardie tyd? —

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902? Gnls Botha + Smuts het ons bymekaar geroep in die distrik ERMELO (Gen. Smuts het van die Kaap Kolonie gekom) Hulle het ons laat stem of ons wou aanhou veg of vrede maak. Ons het toe oor die algemeen vir vrede gestem.

Waar was u op daardie tydstip? In die distrik van Bethal.

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou: Ons het uit die hoëveld op 'n plek tussen Brakpan + Benoni (Waar Apex vandag geleë is) gekom. Daar is besluit om 'n winkel + 'n Hotel daar te gaan buit. Kapt. Walter Meers, het my gevra om 'n Korps (ongeveer 100 man) soheen toe te lei aangesien ek welbekend met die ligging van die land daar was. Ons is kwaai deur die Engelse beskiet en ook omsingel. Ons het woes geveg maar met dagbreek was ons nog vasgekeer. Ons het toe besluit om uit te breek + die Engelse linie storm gejaag + deurgebreek in die rigting van Springs na Blesbok spruit — so het ons toe met verlies van 4 perde veilig uitgekom.

15. Vertel een of meer grappie of grappige voorval

Ons het een van die Engelse waglê 4 keer in 2 maande se tyd gevang. Toe ons hom die 4de keer vang, het hy al sy klere begin uittrek nog voor ons behoorlik by hom was. Toe aan hom gevra is waarom hy nie eers wag tot hy die bevel kry om uit te trek nie het hy hard aan die lag gegaan + gesê hy wil ons nie ophou nie.

16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan

Ons het nog ons posisie by Colenso gehou toe ons deur ons offisiere beveel was om terug te trek. Dit was toe die eerste keer dat ons ons posisie moes verlaat en terug val vir die Engelse.

130

17. Oorlogswoorde: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, ens. ens.)

As die Kanonne op ons skiet het ons altyd vir mekaar geskreeu :- Aspaai
Byname :- Ou Tat Ou Blaar omdat hy enige soort blaar gerook het. Jollie

18. Algemeen: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

N. C. Claassen
HANDTEKENING.

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).

Saterdag 8, Sondag 9, en Maandag 10 Oktober 1949.

Inligting verstrek deur Oudstryders wat deelgeneem het aan die Vryheidstryd 1899 - 1902 en wat die Feesverigtinge in Johannesburg, 1949, bygewoon het.

Volle naam Evert Nicolaas Ferreira.

Huidige Posadres Doornstraat 77^A. Belgravia.
Johannesburg.

Geboortedatum 20 Julie, 1875 Ouderdom 10 Oktober 1949 74 jaar

DEELNAME AAN DIE VRYHEIDSTRYD (1899 - 1902).

1. Waar was u woonagtig by die uitbreek van die oorlog? D.F.S.

2. Kan u iets meedeel in verband met die oomblik toe u van die oorlogsverklaring teen Engeland verneem het
Toe het ons in die laër gestaan op Drie kop toe die oorlogsverklaring aan gekondig is

3. In watter Kommando(s) het u diens gedoen?

4. Onder watter offisier(e) het u diens gedoen? ~~B~~ Du Toit, Genneraal Schoeman.

5. Het u self offisiersrange beklee? ~~Kopperaal~~ Kopperaal
Indien wel, noem die range met die datum naastenby Kopperaal 1899.

6. Noem die veldslae waaraan u deelgeneem het (met datums indien u dit onthou).
Colesberg, 4/1/1900. Rietfontein 20/3/1901
Jasfontein 6/2/1901 Modderrevier, 21/4/1901

7. Was u gewond gedurende die oorlog? Nee
Hoeveel keer? nie gewond
Tydens watter gebeurtenis?

2/.....8.

 132

8. Was u ooit gevang? Ja.

Waar? Die slag na krom~~be~~ elemboog

9. Het u ooit ontsnap? Een maal.

Deel iets mee i.v.m. die ontsnapping? Ek het oor 'n muur geklim en in 'n sloot skuiling gesoek tot dat dit donker geword het; Ek was uit op spioen

10. Het u baie skade gely wat u eiendom betref? Ja.

11. Hoeveel van u huisgesin (dit geld slegs die gesinslede wat saam met u in dieselfde huis gewoon het) is gedurende die oorlog?

(a) gewond: Ek alleen (b) gedood —

(c) Na vrouekampe vervoer? Moeder (d) Na krygsgevangenekampe gevoer 5.

(e) Hoeveel is in die kampe dood 4.

12. Was u 'n krygsgevangene? Ja.

Waar was u in daardie tyd? ~~Bermuda. Die Slag van Kromelemboog~~ Bermuda

13. Kan u iets onthou i.v.m. die vredesluiting op 31 Mei 1902? Ons het die Dikeasie onder teken.

Waar was u op daardie tydstip? Burmuda

14. Deel iets mee i.v.m. een of ander heldedaad wat u kan onthou: Daar by my ontsnapping dat die Engelse ons op 'n Kantjie vas gekeer het, vir 'n tyd ~~pert,~~ van 8 dae.

15. Vertel een of meer grappies of grappige voorval ~~Dat die Toe die Engelse, my gevang het, my kaal uitgetrek het, en my te kaal voet voor die perde uitgejaa het;~~

Na my ontsnaping het ons die engelse vir 8 dae vas gekeer op 'n Kopie.

16. Het iets werkliks treurig voorgeval wat u diep geroer het? Vertel iets daarvan Dat die maat wat langs my gelê het, gewond is, en dat hy geroep het om hulp, daar ek hom nie kom help nie, dit het my diep ont roer deur dat ons gevg het om lewe en dood.

137

17. Oorlogswoorde: Stel 'n lys van net soveel oorlogswoorde op as wat u kan onthou (veral die woorde wat ons vandag glad nie meer hoor nie of baie selde. Gebruik 'n ekstra vel papier indien nodig. Dink aan krygsterme, byname, oorlogstuig, kossoorte, ens. ens.)

18. Algemeen: Enige ander belangrike inligting wat u graag wil meedeel:

E. N. Ferreira.
HANDTEKENING.

KRUGERFEES en SAAMTREK van OUDSTRYDERS.

(Georganiseer deur die Volksfeestekomitee van die Johannesburgse Skakelkomitee).
